

Stories and science ★

Did you know that when children read stories it helps them develop ways of thinking that are important for success in science? To be a scientist, you need to be able to ask “what if” questions, make informed guesses and then test these guesses. Children need lots of opportunities to develop this kind of thinking – and stories provide these opportunities.

DRAWING CONCLUSIONS. Think about the stories you’ve read recently. How much of what you got from the story was given to you directly? Often stories give you clues rather than telling you something directly. For example, when you read, “Dan yawned and rubbed his eyes”, you draw the conclusion that Dan must have been feeling tired. You do this by using the clues from the story and what you already know about “real life” – although you probably don’t even realise you’re doing it! Help your children develop their ability to think in this way by commenting and asking questions as you read stories together. For example, say, “I think he’s tired. Do you think so too? How can you tell?”

PREDICTING. Every time you ask your children, “What do you think will happen next?” as you read aloud, you encourage them to use what they have already read and what they know, to predict what is still to come in the story. Learning to make fairly accurate predictions is an important part of being a successful reader. It’s also an important science skill! Scientists predict what they think will happen when they test a theory they have developed.

SEQUENCING. In stories, there is a specific order in which things occur: first Goldilocks goes into the bears’ house, then she tries their porridge, then she tries sitting on their chairs. So, as children read more and more stories, they learn about how things happen in a sequence. This understanding helps them with science experiments at school where they have to be able to notice a series of changes that take place and then describe them.

SOLVING PROBLEMS. Reading stories to your children develops their imagination and encourages them to be creative. Creativity is very useful when you’re trying to think up new ways of solving a problem – something that scientists do often!

Stories en wetenskap ★★

Het jy geweet dat wanneer kinders stories lees, dit hulle help om denkwyses te ontwikkel wat belangrik is om sukses in wetenskap te behaal? Om ’n wetenskaplike te wees moet jy “wat as”-vrae kan vra, ingeligte raaskote kan waag en dan hierdie raaskote kan toets. Kinders het baie geleenthede nodig om hierdie manier van dink te ontwikkel – en stories bied hierdie geleenthede.

MAAK GEVOLGTREKKINGS. Dink aan die stories wat jy onlangs gelees het. Hoeveel van dit wat jy uit die stories gekry het, is direk vir jou gegee? Stories gee dikwels vir jou leidrade, eerder as om iets direk vir jou te vertel. Wanneer jy byvoorbeeld lees, “Daan het gegaap en sy oë gevryf”, maak jy die gevolgtrekking dat Daan moeg gevoel het. Jy doen dit deur die leidrade in die storie en dit wat jy reeds van die “regte lewe” weet te gebruik – en jy besef waarskynlik nie eens dat jy dit doen nie! Help jou kinders om hulle vermoë om op hierdie manier te dink te ontwikkel deur opmerkings te maak en vrae te vra terwyl julle saam stories lees. Sê byvoorbeeld: “Ek dink hy’s moeg. Dink julle ook so? Hoe weet julle dit?”

VOORSPELLING. Elke keer wanneer jy hardop lees en vir jou kinders vra: “Wat dink julle gaan volgende gebeur?”, moedig jy hulle aan om dit wat hulle reeds gelees het en wat hulle ken, te gebruik om te voorspel wat nog in die storie gaan gebeur. Om te leer hoe om redelik akkurate voorspellings te maak, is ’n belangrike deel daarvan om ’n suksesvolle leser te wees. Dit is ook ’n belangrike wetenskapsvaardigheid! Wetenskaplikes voorspel wat hulle dink sal gebeur wanneer hulle ’n teorie wat hulle ontwikkel het, toets.


BEPALING VAN VOLGORDE. In stories is daar ’n spesifieke volgorde waarin dinge gebeur: Gouelokkies gaan eers in die bere se huis in, dan proe sy aan hulle pap, dan gaan sit sy op hulle stoele. Hoe meer stories kinders dus lees, hoe meer leer hulle van dinge wat in ’n spesifieke volgorde gebeur. Hierdie begrip help wanneer hulle by die skool wetenskapseksperimente doen waar hulle ’n reeks veranderinge wat plaasvind, moet raaksien en dit dan moet beskryf.

PROBLEEMOPLOSSING. Wanneer jy vir jou kinders stories lees, ontwikkel hulle verbeelding en dit moedig hulle aan om kreatief te wees. Kreatiwiteit is baie nuttig wanneer jy aan nuwe maniere probeer dink om ’n probleem op te los – iets wat wetenskaplikes dikwels doen!



Drive your
imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.





Drive your imagination

Your story

Towards the end of 2014, we asked you to tell us how books and stories have shaped your life and the lives of your children. Here are some of the stories you shared with us!

Jou storie

Aan die einde van 2014 het ons julle gevra om vir ons te vertel hoe boeke en stories julle lewens en die lewens van julle kinders beïnvloed het. Hier volg van die stories wat julle met ons gedeel het!



“He is two years old, my boy. I’ve never been a big reader, but I’ve always understood the importance of stories because I work in theatre production. His mother is a bookworm though. Our house is lined with books and she makes sure that she reads to him every night. When she was out of town for three weeks, my son would pick books from the shelf and ask me to read them to him. Often it was the same books, and he would ask me to read them again and again. It shows you how important it is to be a role model for your kids ... and to see how they develop just from the way you bring them up. Stories have given me the power to support my child.”

Diya Jacobs, Mitchell's Plain



“My seuntjie is twee jaar oud. Ek was nooit 'n ywerige leser nie, maar ek verstaan hoe belangrik stories is, want ek werk in teaterproduksie. Sy ma is egter 'n boekwurm. Ons huis is vol boeke en sy maak seker dat sy elke aand vir hom lees. Wanneer sy soms uitstедig is, sal my seun boeke uit die boekrak haal en vir my vra om dit vir hom te lees. Dit is dikwels dieselfde boeke, en hy sal my vra om dit weer en weer te lees. Dit wys 'n mens hoe belangrik dit is om 'n rolmodel vir jou kinders te wees ... en

om te sien hoe hulle ontwikkel bloot uit die manier waarop jy hulle grootmaak. Stories het my bemaгtig om my kind te ondersteun.”

Diya Jacobs, Mitchell's Plain

“One of my earliest memories is learning to read with my mother. I would make her read the same book over and over until I basically learnt how to read the words with her. So, from a very young age stories created a very important time for sharing and being with each other. Stories have given me the power to share and receive knowledge and ideas.”

Jen Thorpe, Cape Town



“Een van my vroegste herinneringe is hoe ek leer lees het deur saam met my ma te lees. Ek sou haar dieselfde boek weer en weer laat lees totdat ek basies geleer het hoe om die woorde saam met haar te lees. Van 'n baie jong ouderdom af het stories dus geleenthede geskep om by mekaar te wees en dinge met mekaar te deel. Stories het my bemaгtig om kennis en idees te deel en te ontvang.”


Jen Thorpe, Kaapstad



“My son is now 8 years old. When he was 2, I took him to the Vulindlela Reading Club in Langa. I knew that if I wanted to grow a love of reading in him, I'd have to start early. For me, as a parent, it's my responsibility to make sure that he finds the right books. That culture of reading starts with parents, and that growth happens every night after school – at home with me.

Now, books are part of his everyday life. Stories give us the power to change our children's path.”

Tlalane Manciya, Langa



“My seun is nou 8 jaar oud. Toe hy 2 was, het ek hom na die Vulindlela-leesklub in Langa geneem. Ek het geweet as ek 'n liefde vir lees by hom wil kweek, sal ek vroeg moet begin. Vir my as 'n ouer is dit my verantwoordelikheid om seker te maak dat hy die regte boeke vind. Daardie kultuur van lees begin by die ouers, en daardie groei vind elke aand na skool plaas – by die huis saam met my. Nou is boeke deel van sy daaglikse lewe. Stories bemaгtig ons om ons kinders se pad te verander.”

Tlalane Manciya, Langa

Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.


Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.






en te lank vir George.
but too long for George.



Die plastieksakke was te kort vir Jeff,
The plastic bags were too short for Jeff,



The only way they would go out happily is if they were well prepared. Jeff likes to be prepared. They decided to make a head-to-toe raincoat for Jeff and, of course, a horn-to-hoof raincoat for George. But this was a little harder than they thought. Al hoe hulle dit bite kan geniet, is om goed voor te berei. Jeff hou daarvan om altyd gereed vir alles te wees. Hulle het besluit om 'n kop-tot-toon reënjas vir Jeff te maak en, natuurlik, 'n horing-tot-hoef reënjas vir George. Maar dit was bietjie moeiliker as wat hulle gedink het.

Penguin Random House South Africa



Penguin Random House offers a great selection of titles for little bookworms



Available at all good bookstores and online
www.penguinbooks.co.za | www.randomstruik.co.za

Extract and images taken from *Jeff and George and the totem pole* by Emily Child and Julia Anastasopoulos, published by Penguin Books South Africa.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi




Jeff and George and the totem pole

Jeff en George en die totempaal




Emily Child
Julia Anastasopoulos

Jeff verbeel hom sy bril wai van sy gesig af!
Jeff imagines his glasses flying off his face!



George verbeeld hom die wind wai hom weg!
George imagines being blown away by the wind!




Jeff and George were bored. It had been raining for three days and they were running out of things to do in their little Cape Town flat.


Jeff en George was verveeld. Dit het drie dae aanmekaar gereën en hulle weet nie meer wat om aan te vang in hul Kaapse woonstelletjie nie.

Fold

Fold



en George daarin probeer toerol.
and wrapping them around George.



Hulle het dit aan Jeff probeer vasplak,
They tried sticking them to Jeff,


What a perfect day. Jeff and George were so happy. They pranked with joy, and they saved their lucky plastic totem-suits for the next rainy day.

Wat 'n lieflike dag! Jeff en George was so gelukkig, en hulle het van blydschap gepronk! En hulle bêre hul gelukkige totemjas vir die volgende reëndag.






en dit aan George probeer vasplak.
and sticking them to George.



Hulle het dit aan Jeff probeer vasknoop,
They tried tying them to Jeff,


They could see Table Mountain again!



Hulle kon Tafelberg weer sien!

Jeff and George worry a lot when the weather is like this and they sometimes have daymares. Daymares are nightmares that happen during the day when you are awake. These daymares would be about what could happen if they went outside. Kaapstad kan 'n mens bang maak in die winter. Die wind kan erg waa, en soms reën dit dag en nag. Partykeer is die mis so dig, jy kan Tafelberg nie eens sien nie!


Cape Town can be a scary place in winter. It can be very windy, and it can rain very hard. There is sometimes so much mist that you can't even see Table Mountain!



They had already talked about rugby, because that's their favourite thing to talk about, jumped on the beds, or in George's case, pranked on beds because that's what springboks do ...

Hulle het reeds oor rugby gesels, want dis waaroor hulle die graagste praat, op die beddens gespring, of eintlik het George op die bed gepronk, want dis wat springbokke graag doen ...





... en klein aartappel-mannetjies van hulleself gemaak.

... and made little potato versions of themselves.



... al die vuil skottelgoed gewas ...

... washed all the dirty dishes ...


... re-organised the fridge, or in Jeff's case, re-RE-organised the fridge, because that's what Jeffs do, ...

... die yskas reggepak, of liever, Jeff het die yskas OOR-reggepak, want dis wat Jeffs graag doen, ...




Now they were ready for anything! They opened the door, ready to face the weather. All of a sudden, the rain stopped and the sun began to shine.

Nou was hulle reg vir enigiets! Hulle maak die deur oop, gereed vir die onweer. Toe skielik, hou dit op reën. En die son begin skyn.




Nothing seemed to work! Until they came up with a plan. The Jeff and George totem pole! Maar niks wou werk nie! Totdat hulle 'n plan uitgedink het. Die Jeff-en-George totempaai!





“Reading is part of my family culture. Stories are very important to me as a mother and as a role model to my children. We bond, get to understand our world, learn, and grow together through stories. Stories have challenged me to always seek more knowledge – I know that I’m never too old to learn. They teach good morals and values, such as love, caring, respect, unity and humility. Stories are also very motivational. Stories have shaped me into the person that I am.”

Nompilo Mthenjana, Nongoma



“Lees is deel van my familiekuur. As ’n ma en ’n rolmodel vir my kinders, is stories vir my baie belangrik. Ons vorm ’n band, leer om ons wêreld te verstaan, en groei saam aan die hand van stories. Stories daag my uit om altyd meer kennis te soek – ek weet dat ek nooit te oud is om te leer nie. Stories leer vir ons goeie sedes en waardes, soos liefde, omgee vir ander, respek, eenheid en nederigheid. Stories is ook baie motiverend. Stories het my gevorm tot die mens wat ek is.”

Nompilo Mthenjana, Nongoma

“I am the manager of the Rural Child Bookshop because I want to give to other children what my child has. My boy was often distracted by video games and cellphones. I made the effort to read with him, and to him, every night until the book, *The Diary of a Wimpy Kid* caught his attention. As soon as he connected with that one book, he was reading all the books on the shelf! We still read together every night. Stories have given me the power to be a better parent.”

Janine Riddles, Mowbray



“Ek is die bestuurder van die Rural Child Bookshop, want ek wil vir ander kinders gee wat my kind het. My seun se aandag is dikwels deur videospelletjies en selfone afgelei. Ek het moeite gedoen om elke aand saam met hom en vir hom te lees, totdat die boek, *The Diary of a Wimpy Kid*, sy aandag getrek het. Toe hy eers ’n band met daardie een boek gevorm het, het hy al die boeke op die rak begin lees. Stories het my bemagtig om ’n beter ouer te wees.”

Janine Riddles, Mowbray



Give-away!

Would you like to own a copy of *Jeff and George and the totem pole*, or a “Jeff and George” T-shirt? Then enter our lucky draw by sending your name, postal address and whether you would like an English or Afrikaans copy of the book to info@nalibali.org, or fax it to 021 448-0991 by 28 February 2015.

Geskenk!

Wil jy graag jou eie eksemplaar van *Jeff en George en die totempaal* hê, of ’n T-hemp met Jeff en George op? Skryf dan in vir ons gelukkige trekking. Stuur jou naam, posadres en of jy ’n Engelse of Afrikaanse eksemplaar van die boek wil hê aan info@nalibali.org, of faks dit aan 021 448-0991 teen 28 Februarie 2015.




Penguin
Random House
South Africa

Nalibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nalibali’s radio show:

RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m.

SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



Nalibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nalibali se radioprogram na stories te luister:

RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm.

SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

Story corner

Here is a new story for you to read or tell. It is about how a young boy helped Baboon and Monkey learn an important lesson.

Phindulo and the pumpkin (Part 1) By Kai Tuomi

The sun looked like a small ripe melon in the sky high above Phindulo's head. He liked to walk through the bush and listen to the birds singing in the trees. But today was different. There was a big noise coming from deep in the bush. It sounded like an argument.

Phindulo followed the noise until he came to a clearing. In the middle of the clearing, he saw Baboon and Monkey shouting at each other. He also saw an E-N-O-R-M-O-U-S pumpkin. Baboon and Monkey stood on either side of the pumpkin. Baboon showed his big teeth and Monkey chattered and shook his head. They both looked very angry.

"Hello," said Phindulo. "What's going on?"

"Phindulo," said Monkey, "Baboon is being greedy."

"Oh, please," said Baboon. "Monkey is being greedy."

"I saw it first," said Monkey. He waved his little fist towards the pumpkin.

"Whoa," said Phindulo. "Stop! I thought you two were friends?"

"Well, uh mmm," said Monkey. "Look, we were out walking when I saw this big pumpkin here. We both ran for it and Baboon got to it first. Now he says that it's his pumpkin."

"It is my pumpkin!" said Baboon. "I touched it first, so it's mine."

"Well, I saw it first. You would have walked right past it if it wasn't for me!" said Monkey.

"Oh, please," said Baboon.

"And now what?" asked Phindulo. He sat down on the grass in front of them. After a long time he said, "Gosh! That is a very big pumpkin."

"We already know that," said Baboon and Monkey rolling their eyes.

"It reminds me of our apple tree," said Phindulo.

"Your apple tree?" asked Monkey frowning. "What are you talking about, Phindulo?"

"Well," said Phindulo, "just last year, the apple tree in our garden grew so many apples that every cupboard and basket in the house was filled with apples. And no matter how many we ate and made into pies, there were still too many for my mama, my tata and me. It's sort of like this pumpkin."

Find out next week what they decide to do with the big pumpkin!

Storiehoekie

Hier is 'n nuwe storie vir jou om te lees of te vertel. Dit gaan oor hoe 'n jong seun vir Bobbejaan en Apie gehelp het om 'n belangrike les te leer.

Phindulo en die pampoens (Deel 1) Deur Kai Tuomi

Die son hang soos 'n klein ryp spanspek in die lug hoog bo Phindulo se kop. Hy hou daarvan om deur die bos te stap en te luister hoe die voëls in die bome sing. Maar vandag is anders. Daar klink 'n groot geraas diep uit die bos op. Dit klink soos 'n stryd.

Phindulo volg die geraas tot hy by 'n oopte kom. In die middel van die oopte sien hy vir Bobbejaan en Apie wat op mekaar skree. Hy sien ook 'n E-N-O-R-M-E pampoens. Bobbejaan en Apie staan aan weerskante van die pampoens. Bobbejaan wys sy lang tande en Apie kwetter en skud sy kop. Albei lyk baie kwaad.

"Hallo," sê Phindulo. "Wat gaan hier aan?"

"Phindulo," sê Apie, "Bobbejaan is gulsig."

"Ag, asseblief," sê Bobbejaan. "Apie is die een wat gulsig is."

"Ek het dit eerste gesien," sê Apie. Hy wuif sy klein vuisie in die rigting van die pampoens.

"Wag," sê Phindulo. "Stop! Ek het gedink julle twee is vriende?"

"Wel, h'mm-mmm," sê Apie. "Kyk, ons het deur die bos gestap toe ek hierdie groot pampoens raakgesien het. Ons het albei na die pampoens toe gehardloop en Bobbejaan het eerste daarby gekom. Nou sê hy dis sy pampoens."

"Dit is my pampoens!" sê Bobbejaan. "Ek het eerste daaraan geraak, so dis myne."

"Wel, ek het dit eerste gesien. Jy sou by die pampoens verby gestap het as dit nie vir my was nie!" sê Apie.

"Ag, toe nou," sê Bobbejaan.

"Wat nou?" vra Phindulo. Hy gaan sit op die gras voor hulle. Na 'n lang ruk sê hy: "Goeiste! Maar dit is 'n baie groot pampoens."

"Ons weet dit al," sê Bobbejaan en Apie en rol hulle oë.

"Dit laat my aan ons appelboom dink," sê Phindulo.

"Julle appelboom?" vra Apie. "Waarvan praat jy, Phindulo?"

"Wel," sê Phindulo, "net verlede jaar het die appelboom in ons tuin so groot geword en so baie appels gedra dat elke kas en mandjie in die huis vol appels was. En maak nie saak hoeveel ons geëet en hoeveel appeltort ons gebak het nie, daar was nog steeds te veel vir my, my mamma en my tata. Dis 'n bietjie soos hierdie pampoens."

Vind volgende week uit wat hulle besluit om met die groot pampoens te doen!



Illustration by Natalie and Tamsin Hinrichsen
Illustrasie deur Natalie en Tamsin Hinrichsen

Are you on Mxit? Download our Nalibali app for literacy tips, polls and stories in a range of South African languages to enjoy on your mobile phone. Go to <http://m.mxit.com>. Then, go to **Discover>Apps>Search** and type **nalibali** to get started.



Is jy op Mxit? Laai ons Nalibali-toep af vir geleterheidswenke, meningspeilings en stories in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale wat jy op jou selfoon kan geniet. Gaan na <http://m.mxit.com>. Gaan dan na **Discover>Apps>Search** en tik **nalibali** in om te begin.

**Find us on Facebook:
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA**

Supplement produced by The Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translated by Anita van Zyl. Nalibali character illustrations by Rico.



Drive your
imagination

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SundayWorld